# Laat jou testament jou wense weergee

Saamgestel deur Groep Adviesdienste

‘n Testament is een van jou belangrikste finansiële dokumente. Maak seker dat jy een in plek het en dat dit jou wense weerspieël.

## Hoekom is dit belangrik om ‘n testament te hê?

‘n Testament is ‘n dokument wat jou wense uiteensit vir wat met jou bates moet gebeur wanneer jy te sterwe kom. Omdat jy gedurende jou leeftyd ‘n rykdom van bates opbou, is dit ‘n uiters belangrike dokument en ook ‘n fundamentele deel van enige finansiële plan. Dit is belangrik dat jou testament geldig is en op datum gehou word.

Miskien is die heel belangrikste aspek die feit dat ‘n testament onontbeerlik is vir die beskerming van jou gesin, veral minderjarige kinders. As jy nie ‘n testament het nie, sal jou boedel intestaat afgehandel word, wat beteken dat die persoon aan wie jy sekere bates sou wou nalaat, dit heel moontlik nie eers sal kry nie. ‘n Geldige testament verseker dat ‘n persoon wat ‘n eksekuteur genoem word, aangestel word, sodat die boedel doeltreffend beredder kan word volgens jou wense.

‘n Weldeurdagte testament doen nie net jou wense gestand nie, maar dit kan ‘n besparing op boedelbelasting, kapitaalwins-belasting en eksekuteursgelde meebring wat die hoeveelheid bates aansienlik kan verklein wat jy aan jou geliefdes nalaat. Verder sal dit verwarring en hartseer onder familielede voorkom.

## Wie kan ‘n testament opstel?

Enigeen wat ouer as 16 is en verstaan wat hulle doen, kan ‘n testament opstel. ‘n Testament moet deur die testateur (die persoon wat dit opstel) en twee bevoegde getuiese onderteken word. Hoewel dit nie ‘n wetlike vereiste is nie, is dit ook raadsaam om die testament te dateer.

## Wat om in te sluit as jy minderjarige kinders het

Stipuleer wie die kinders se voog moet wees. Hierdie persoon sal verantwoordelik wees vir hul daaglikse versorging, maar sal dalk nie die mees geskikte persoon wees om na hul finansiële welsyn om te sien nie.

- ‘n Testamentêre trust kan in jou testament geskep word. Dit kan verseker dat daardie bates slegs ten bate van jou kinders se welsyn gebruik word. Die bates sal deur die trustees bestuur word wat jy namens hulle kan aanstel. Dit is maklik om ‘n testamentêre trust te skep en dit gee jou ‘n mate van beheer oor wat met die fondse sal gebeur.
- Met die totstandkoming van die trust kan jy die mandaat van die trustees uitspel. Jy kan byvoorbeeld stipuleer dat ‘n sekere bedrag maandeliks as onderhoud vir jou kinders beskikbaar moet wees, maar dat ‘n gedeelte van die kapitaal onaangeraak moet bly, en op die ouderdomme van onderskeidelik 23 en 25 aan hulle uitbetaal word.

- ‘n Trust sal ook verhinder dat bates terugval in die Voogdefonds. Hierdie fonds word onder meer aangewend ten gunste van minderjariges wat nog nie na hul eie sake kan omsien nie. Die geld word by die Openbare Beleggingskommissie belê. Daar is ‘n bedrag van R4 miljard in die Voogdefonds.’n Minderjarige kan onderhoud van die fonds eis en die Fondsmeester mag al die rente uitbetaal wat opgeloop het tot by ‘n bedrag van R100 000 van die kapitaal wat ontvang is. Indien die minderjarige meer as dit nodig het, het hy slegs met goedkeuring van die hof toegang daartoe. Die reëls van hierdie Fonds is nie buigsaam nie en sal moontlik nie in die behoeftes van jou kinders voorsien soos jy dit sou verkies het nie.

## Praat met jou finansiële adviseur

Jou finansiële adviseur kan jou help om jou testament op te stel en om te verseker dat dit in lyn met jou finansiële plan op datum bly.